UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS Nuus



## Balindiwe Sishi
### On women in science

Herwinning by US op koers

Spreading HOPE across the globe

Nuwe klavier vir Fismersaal

Stellenbosch se verlede vertel

JAAR 21#6 AUGUSTUS 2013 YEAR 21#6 AUGUST 2013
US Personeelblad SU Staff Magazine

# contents inhoud


My kampus: Juanli Theron oor tolkdienste ..... 3
SU and SuperSport United develop soccer talent ..... 4
US beloon top-navorsers ..... 5
ADA tackles African Diaspora ..... 6
Staande applous vir Tutu by US ..... 7
HOPE Project stretches its reach ..... 8
Kamer van Herinnering ingewy ..... 9
Herwinning op kampus op dreef ..... 10
Personeel vier Mandela-dag ..... 11
Nuwe klavier vir Fismersaal ..... 12
Kampuslewe: Eet, lees en ontspan ..... 13
Pros and cons of barefoot running ..... 14
In conversation with Dr Balindiwe Sishi ..... 15
Brokkies in Beeld ..... 16



9


11


15


*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 021 808 2927, faks: 021 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za of wmuller@sun.ac.za


UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

It is quite surprising how busy the Stellenbosch campus can be during the recess. Although most of the staff and students are on holiday, conferences and festivals ensure that there is always activity on campus.

At the beginning of July, SU hosted a language conference where Juanli Theron, Project Coordinator of interpreting services at the Language Centre, spoke about academic interpreting at the University. On page 3 she tells us more about her work and how it impacts on SU students.

The University also hosted representatives from the Dalarna University in Sweden who wanted to find out more about our HOPE Project, which could soon spread its wings internationally. Read more on page 8.

Op 31 Julie is 'n Kamer van Herinnering by die US Argief in die herboude Wilcocks-gebou ingewy. Dit sal 'n plek wees waar die US sy geskiedenis en dié van Stellenbosch vertel. Tans is daar 'n uitstalling oor die gebeure en latere versoeningsgebaar rondom die sogenaamde "Slag van Andringastraat". Lees meer op bladsy 9 en gaan loer gerus in.

Die US het talle projekte om die kampus "groen" te hou, en die herwinningsprojek behaal groot sukses. Op bladsy 10 vertel ons jou hoe dié projek help om die US 'n meer omgewingsvriendelike instelling te maak.

In August, South Africans celebrate Women's Day. And for this reason *Kampusnuus* spoke to a young female scientist who is making waves in her field, Dr Balindiwe Sishi. On page 15 she tells us more about her research and the role of women in science.

*Kampusnuus* also reports on what staff and students did for their 67 minutes on Mandela Day.

Enjoy this issue of *Kampusnuus*, and send us an email, or comment on the SU Facebook page or Twitter.

*Wayne*

## KAMPUS klets

Ek dink die term "meertaligheid" binne die konteks van die US kan nie so eenvoudig geïnterpreteer word nie. Afrikaanse studente sal die keuse hê om grotendeels in Afrikaans te studeer en Engelse studente gaan ook al hoe meer die keuse hê om slegs in Engels te studeer. Studente gaan dus nie noodwendig aangemoedig (bemagtig?) word om hul tweede- of derdetaal te verbeter en so "meertalig" te raak nie.

Dis die realiteit. Taalontwikkelingsmodules wat die afgelope paar jaar kredietdraende kursusse binne sekere Fakulteite se onderigaanbod was, word al hoe meer afgeskaf en die rede wat aangevoer word, is parallelmediumonderrig en tolking. Ek dink die US moet dalk sy definisie van meertaligheid duideliker stel om enige wanopvattings te voorkom – ook vir dié van ons wat aangestel is om taalondersteuning aan die US aan te bied. – *Helga*

These are the kinds of initiatives (SU's Vision 2013) that make Stellenbosch a university that is a cut above the rest! I am proud of being a Matie! – *Tom J Obengo*

I think the soccer partnership between SU and SuperSport United is an excellent initiative (see page 4). Congratulations! – *Prof Steven Robins*

It would be my dream to visit the Stellenbosch International Chamber Music Festival – it sounds fantastic. No matter what I would have to go through, I believe I will perform there one day. – *Chante Rabie*

"@StellenboschUni has the highest weighted research output per full-time academic in South Africa" http://www.universityworldnews.com – *Nic Spaull*

Love the new Stellenbosch Uni ad on radio! Proud Matie! – *Lyron J Julius*

As ek maar net kan sê wat ek dink van (meertaligheid aan die US). Julle wil almal gelukkig maak, maar julle skeep Afrikaans af. My departement, Geologie, het nul Afrikaans. Kry niks in Afrikaans en die taalbeleid word nie toegepas nie – nie eens 'n bietjie nie. – *Jurgens Schoeman*

*Briewe aan* Kampusnuus *is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word.* Kampusnuus *behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).*





# Brugbouer tussen tale en kulture

*Reeds sedert haar eerste kennismaking met opvoedkundige tolking was sy versot daarop en wou dit gebruik om mense met verskillende taal- en kultuuragtergronde bymekaar uit te bring, sê Juanli Theron, koördineerder van die US se tolkprojek. Sy het ook in Julie by 'n taalkongres by die US oor die suksesse en uitdagings van akademiese tolking gepraat. Deur ALEC BASSON.*

**My dagtaak behels ...** die organisering en koördinering van die tolkrooster, die bestuur en monitering van tolke in ons span, die fasilitering van kommunikasie tussen al ons rolspelers (dosente, studente en tolke), asook die handhawing van 'n hoë standaard van gehalte in die tolkproduk wat ons lewer. Ek tolk ook self en sit persoonlik in lesings saam met my span.



**Die interessante én opwindende aspekte van tolking ...** is die nuwe geleenthede wat dit bied om grense te verskuif en verhoudings te bou. Ek leer elke dag en geen twee dae in 'n ry is presies dieselfde nie. Dit is nogal 'n uitdaging om elke dag te verseker dat elke tolk op die regte tyd op die regte plek is, besig om die regte ding op die regte manier te doen.





**Reeds van kleins af ...** was ek lief vir tale en dit het dus byna outomaties gebeur dat ek tale gaan studeer het. In my eerste jaar aan die Noordwes-universiteit het ek die geleentheid gekry om by opvoedkundige tolking betrokke te raak en was van die eerste oomblik hieraan verslaaf. Ek is passievol daaroor om 'n brugbouer te wees tussen tale en kulture, en daar is vir my niks meer bevredigend as om te sien hoe mense suksesvol met mekaar kan kommunikeer nie.

**Vir ons gebruikers ...** is tolking die sleutel tot doeltreffende kommunikasie op kampus. Studente ervaar dit as positief om saam met medestudente van verskeie taalgroepe in een lesing te wees, waar hulle die boodskap eerstehands kan ervaar. Aangesien dosente in hul moedertaal kan doseer, vind hulle dit oorwegend makliker om te kommunikeer. Beide studente én dosente sê hulle kan vinniger deur hul beplanning werk omdat inligting nie herhaal hoef te word nie. Daar is ook meer tyd vir hersiening en verduidelikings.

**Ná 'n lang dag van tolking ...** gaan stap ek saam met ons Skotse terriër om my kop skoon te kry. Ek skryf graag, lees alles wat ek in die hande kan kry en fliek soveel as moontlik. Ek is ook baie lief vir sing, skets en teater-uitvoerings.

**Ons tolke ...** kommunikeer optimaal in beide Afrikaans én Engels. In elke nuwe module verwerk ons die voorbereidingsmateriaal (in die vorm van handboeke, transparante, notas, ou vraestelle en PowerPoint-skyfies) en stel termlyste saam. Hierdie terme word gememoriseer en sodoende bou ons psigiese databasisse vir elke module. Ná 'n paar weke van tolking in 'n nuwe semester is ons goed vertroud met die vakke wat ons tolk, sowel as met die materiaal.

*Foto's: JUSTIN ALBERTS*

## SU and SuperSport United partners to develop soccer talent

At an event dedicated to former president Nelson Mandela, Stellenbosch University and SuperSport United Football Club launched a partnership to grow soccer in the Stellenbosch region.

"This partnership is designed to change lives through soccer," SU Rector Prof Russel Botman said at the launch on 10 July. "I want to dedicate today to Madiba, who demonstrated that sport can unite people."

The event was attended by, amongst others, representatives of SU, SuperSport United (management and players), SU's Centre for Human Performance Sciences, Maties Sport, the Stellenbosch Academy of Sport and young soccer players attending a holiday programme at SU.

The new partnership allows the University to extend its existing soccer footprint and deploy its sporting expertise to develop soccer at community level.

SuperSport United CEO Stan Matthews said the partnership speaks volumes. "Our team's nickname is Matsatsantsa, meaning 'Trendsetters'. We pride ourselves on taking the lead, and we are proud to be partnering with a fantastic brand such as SU. The Western Cape has been a great source of talent for soccer in South Africa and a leading region in the composition of our Youth Academy, the most successful soccer academy in the Premier Soccer League (PSL) over the past decade.

According to Anita Nel, Senior Director for Innovation and Business Development at SU, one of the aims of the SU Football Programme is to groom the Maties First Football team into a first-class outfit by means of top-notch administration, team restructuring, improved talent identification and recruitment, investment in coach education and full-time scientific support.

SuperSport United will visit Stellenbosch for part of their pre-season preparations.



*SU Rector Prof Russel Botman with a team of young soccer players.*
*Photo: ADRIAN BAILLIE-STEWART*

## Joanna Marx-versameling bekendgestel

"Joanna Marx was 'n onkloonbare persoon. Haar passies was bewaring, musiek, argitektuur en ook kookkuns."

So het Marx se niggie, Leana du Preez, gesê tydens die bekendstelling van die Joanna Marx-versameling by die JS Gericke-biblioteek in Junie.

Marx, wat in 2012 oorlede is, was bekend as 'n bewarings- en volksboukundige. Sy was baie betrokke by die bewaring van geboue en meule in Suid-Afrika sowel as in die buiteland en was werksaam by die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, wat nou bekend staan as die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA). Een van haar grootste projekte was die restourasie van die bekende Mostert se Meul.

Volgens Lynne Fourie van die JS Gericke se Dokumentesentrum het hulle die versameling in September 2012 ontvang en so vinnig as moontlik 'n inventaris van die inhoud opgestel, aangesien daar baie belangstelling in dié veld daarvoor is.

Die Joanna Marx-versameling nr 422, wat in die Afdeling Spesiale Versamelings gehuisves word, is opgedeel in "Erfenismateriaal Suid-Afrika", "Meule Suid-Afrika", "Erfenismateriaal Engeland" en "Meule Nederland en Engeland".

Dit bestaan onder meer uit artikels, praatjies, konferensies, wette, kaarte, illustrasies, planne, museums, monumente, pamflette, brosjures en skyfies. Marx het ook navorsing gedoen vir die bewaring van plekke soos Bredasdorp/Elim en Swellendam.



*Gwen en Gawie Fagan, voormalige kollegas van Joanna Marx, kyk hier na die versameling.*
*Foto: ILSE ARENDSE*

## Wingerd- en wynkunde baat by Rupert-skenking

Opleiding en navorsing in wingerd- en wynkunde gaan 'n betekenisvolle hupstoot kry met 'n groot persoonlike skenking deur dr Johann Rupert, US Kanselier en voorsitter van die Richemont-groep.

Die skenking van R25 miljoen oor vyf jaar word aan die Instituut vir Wingerd- en Wynkunde (IWW) in die US se Departement Wingerd- en Wynkunde gemaak.

Gary Baumgarten, Besturende Direkteur van Anthonij Rupert-wyne, sê die skenking gee nuwe momentum aan die instituut. "'n Kerndoel is om 'n wyn-chemiese platform daar te stel vir vooruitgang in wingerd- en wynkunde. Die skenking sal die aankoop van nuwe toerusting moontlik maak en om oorsese kundigheid in te koop."

Volgens prof Maret du Toit, Voorsitter van die Departement Wingerd- en Wynkunde, sal die skenking verseker dat die Universiteit navorsing in wingerd- en wynkunde van hoogstaande gehalte kan lewer deur die jongste voorpunt-tegnologieë aan te wend.



# US beloon top-navorsers

Die US het erkenning aan van sy mees produktiewe navorsers verleen deur middel van nuwe aansporingspryse.

Altesaam 39 personeellede is in Junie vir uitnemende navorsing beloon. Hulle het die grootste bydrae gemaak tot die US se totale aantal geakkrediteerde publikasies in 2011, die mees onlangse jaar waarvoor geouditeerde publikasiestatistiek ten tye van die beoordeling beskikbaar was.

Kategorie 1 was die 25 US-navorsers wat die grootste bydrae gelewer het ten opsigte van die Departement van Hoëronderwys en Opleiding (DHOO) se publikasie-eenhede. Kategorie 2 was die 25 US-navorsers wat die grootste aantal navorsingspublikasies geproduseer het in samewerking met hul nasionale en internasionale navorsingsvennote en studente.

Elkeen het R50 000 as aansporing vir verdere navorsing ontvang, met 'n bykomende R50 000 aan elf van die navorsers wat aan albei beoordelingskriteria voldoen het. Slegs navorsingspublikasies wat in DHOO-geakkrediteerde vaktydskrifte, kongresverrigtinge of boeke verskyn het, is in ag geneem.

Prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie), het gesê publikasie maak nie net die toepassing van navorsingsresultate moontlik nie, maar gepubliseerde navorsing dra ook by tot die subsidie wat universiteite jaarliks van die staat ontvang.

Die US is vanjaar die vierde opeenvolgende keer deur die DHOO aangewys as die universiteit met die hoogste geweegde navorsingsuitset per voltydse akademiese personeellid in die land.

Vir die volledige naamlys van die ontvangers, besoek http://www.sun.ac.za/afrikaans/Lists/news/DispForm.aspx?ID=648



*Proff Howard Reader (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese), Eugene Cloete (Viserektor), Russel Botman (Rektor), Louise Warnich (AgriWetenskappe) en Ashraf Kagee (Sielkunde) klink 'n glasie op navorsingsuksesse aan die US.*
*Foto: MARYKE HUNTER-HÜSSELMANN*

## Scientists honoured with chemistry awards

Two leading international scientists in the field of nanostructure materials and polymer sciences at SU have received the highest possible accolades from the South African Chemical Institute (SACI).

**Prof Bert Klumperman** (left), who specialises in living radical polymerisation and advanced macromolecular architectures, was awarded the SACI Gold Medal for his "exceptional contributions" to the field. The Gold Medal is regarded as the highest recognition for research excellence and contributions afforded by the South African chemical fraternity.

Klumperman, who holds the NRF/DST South African Research Chair on Advanced Macromolecular Architectures, has a research group of about 20 postgraduate students and post-doctoral researchers who largely focus on polymers for biomedical applications.

**Prof Len Barbour** (centre) was awarded the SASOL Chemistry Innovator of the Year Medal for "outstandingly innovative scientific contributions in the field of chemistry and chemical technology". His research field is functional nanostructured materials, where he studies the response of new materials (specifically crystals) to external factors such as heat or pressure.

Both Klumperman and Barbour are from the Department of Chemistry and Polymer Sciences at SU.

Also at the awards, **Prof Erick Strauss** (right) of SU's Department of Biochemistry received the SACI Raikes Medal for a young scientist whose research in the field of chemistry shows outstanding promise.

Two SU postgraduate students were also recognised for their work: Helene Wahl and Nicola Steyn. The awards will be handed over later this year.







## Drie benoem vir NWTF-pryse

Drie US-navorsers was vanjaar onder die finaliste in die 2012/13 Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum (NWTF) BHP Billiton-toekennings (oftewel die NSTF-BHP Billiton Awards).

Dit word jaarliks gehou om uitnemende bydraes tot die wetenskap, ingenieurswese, tegnologie en innovasie (WETI-omgewing) te vier.

Volgens die organiseerders is dit 'n uitsonderlike eer om 'n finalis te wees, aangesien al die benoemdes uitstaande bydraes tot hul velde in Suid-Afrika moet lewer tot hulle as finaliste benoem te word.

**Prof Hanno Reuter** van die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese is saam met sy span benoem in die kategorie vir 'n individu of 'n span se uitstaande bydrae tot WETI deur navorsing wat lei tot innovasie in korporatiewe instellings.

**Dr John Terblanche** van die Departement Bewaringsekologie en Entomologie is benoem vir 'n TW Kambule-toekenning in die kategorie vir opkomende navorsers vanweë sy uitstaande werk oor hoe insekte by klimaatsveranderinge aanpas.

**Prof Emile Van Zyl** van die Departement Mikrobiologie is benoem in die kategorie vir uitstaande bydrae in die ontwikkeling van navorsingskapasiteit.

# ADA partners with OECD on African Diaspora

South Africa through SU's African Doctoral Academy (ADA) has been invited by the Organisation of Economic Cooperation and Development's (OECD) Global Science Forum to prepare a submission to be presented to the Global Science Forum meeting in Japan in October.

This follows an extremely successful OECD Global Science Forum workshop, "International Research Collaboration in the Areas of Climate Change and Biodiversity", which was co-hosted at SU by ADA in May.

The forum in October will focus on capacity development in context to the African Diaspora – specifically the brain drain and brain exchange implications, as well as research collaboration and global migration.

"The Japanese government recently re-emphasised their focus to strengthen and enhance human capacity development on the African continent through the University of Tokyo," says Prof Frans Swanepoel, Deputy Director of ADA.

"An example of this is the well-established and influential Education for Sustainable Development (ESDA) initiative to develop a postgraduate-level education programme for professionals to be engaged in sustainable development in Africa, in partnership with a number of African Universities."

According to Swanepoel up to 40% of African academics and scholars are currently in Diaspora (they live and work outside Africa). Some critics argue that the rich countries are "robbing" Africa from its brains (i.e. intellectual capacity that are drawn abroad and stay there), whereas the rich countries argue that they provide an opportunity for brain exchange and international exposure.

"The OECD's mission is to promote policies that will promote the economic and social well-being of people around the world. Being involved with the OECD gave SU an opportunity to influence and direct these policies, specifically focusing on human resource and human capacity development – this is also the mission of the ADA," says Swanepoel.

For the May workshop ADA partnered with the University of Tokyo, the Department of Science and Technology and the National Research Foundation.



*Prof Hiroshi Nagano, Chairperson of the OECD Global Science Forum; Dr Aldo Stroebel, Executive Director International Relations and Cooperation, NRF; Prof Hamid El-Zoheiry, Rector of Heliopolis University for Sustainable Development, Egypt; Dr Vuyo Mahlati, National Planning Commissioner, South Africa, Prof Kazuhiko Takeuchi, University of Tokyo, Japan; and Prof Frans Swanepoel of ADA.*

## Parkeerboetes by US ingestel

Die implementering van die nuwe parkeerbestuurstelsel op kampus is goed op dreef.

"Die stelsel poog om verkeer op kampus te bestuur, wat insluit die bestuur van parkering. Noudat die parkeerplekke toegewys is, moet ons aan die basiese beginsels van wetlikheid voldoen," sê Roelof Loubser, Mobiliteitsbestuurder: Voertuigvloot.

"Daar is sigbare tekens wat toegang tot parkeerplekke aandui, padtekens (wit, geel en rooi strepe), elke parkeerplek is met 'n kleur geverf wat ooreenstem met die tipe parkering, en parkeerskyfies is toegeken met kleurkodes wat aandui waar geparkeer mag word. Soos daar by enige openbare parkeerarea boetes gehef word, gaan daar nou by die US-kampusse ook boetes gehef word vir mense wat wederregtelik parkeer."

Die parkeerboetes sal uitgereik word vir versuim om 'n voertuig te registreer (R500), versuim om parkeerskyfie te vertoon (R300), ongemagtigde parkering (R300), ongemagtigde parkering op 'n parkeerplek vir gestremde persone (R500); verontagsaming van verkeerstekens (R300); en verontagsaming van opdragte van Kampussekuriteit of 'n parkeerbeampte (R500).

# Personeellede vereer



**PROF RUFUS GOUWS,** Voorsitter van die Departement Afrikaans en Nederlands, is met 'n *festschrift* vereer – 'n huldigingsbundel waarmee 'n kollega vereer word, dikwels met 'n mylpaal in sy/haar lewe.

Gouws is onder valse voorwendsels uit sy kantoor gelok. Eers met sy aankoms by Africa SUN MeDIA se kantore het hy agtergekom daar is maande lank in die geheim gewerk aan 'n *festschrift* ter ere van hom.

"Dit was 'n geweldige verrassing," sê Gouws, voorste woordeboekmaker en teoretiese leksikograaf. "Wat hierdie *festschrift* vir my so besonders maak is dat dit nie deur kollegas beplan of geskryf is nie, maar deur oudstudente wat hul M-graad of PhD onder my studieleiding voltooi het."

Die voorwoord en die 18 artikels is uitsluitlik deur oudstudente geskryf. Gouws het op 30 Januarie 60 jaar oud geword.



**DR ANDRA LE ROUX-KEMP,** deeltydse dosent aan die Fakulteit Regsgeleerdheid wat 'n PhD-student by die Sentrum vir Toegepaste Etiek was, is onlangs aangewys as die wenner van die Simposium vir Jong Navorsers in die Reg en Wetenskap wat in Pavia, Italië, aangebied is.

Die Europese Sentrum vir die Reg, Wetenskap en Nuwe Tegnologie (ECLT) het die derde Simposium vir Jong Navorsers in die Reg en Wetenskap in Junie aangebied. Die ECLT is 'n interdepartementele navorsingsentrum aan die Universiteit van Pavia en het onder meer ten doel om wetenskaplike dialoog tussen regsgeleerdes en wetenskaplikes te bevorder.

Agt jong regsgeleerdes is gekies om vanjaar aan dié simposium deel te neem. Le Roux-Kemp het gepraat oor die potensiële rol van gedragsgenetika in die ná-vonnis stadia van Suid-Afrikaanse strafverrigtinge.



# Staande applous vir Tutu by US

'n Opgewonde Emeritus-Aartsbiskop Desmond Tutu het 'n entoesiastiese staande applous ontvang toe hy op Saterdag 13 Julie 'n skaars openbare verskyning gemaak het in 'n simfoniekonsert van die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees (SIKMF).

Die gehoor in die volgepakte Endlersaal van die US Konservatorium het uit hul stoele gespring nadat die geliefde wenner van die Nobelprys vir Vrede as verteller in die Suid-Afrikaanse komponis Péter Louis van Dijk se *The Selfish Giant* opgetree het.

Tutu het reeds uitgetree en doen nie meer openbare optredes nie, maar het vir die fees 'n uitsondering gemaak omdat die SIKMF vanjaar sy 10de jaar vier.

Die SIKMF is van 5 tot 14 Julie by die Konservatorium gehou. Benewens konserte en openbare meesterklasse deur gerekende internasionale en Suid-Afrikaanse musici, het die fees ook lesings en opleidingsessies aangebied vir meer as 300 studente van regoor Suid-Afrika heen.

Tutu het in die fees se konsert-hoogtepunt opgetree in *The Selfish Giant*, 'n simfoniese werk vir kinderkoor, twee solosangers en 'n verteller.

Tutu het die storie, gebaseer op 'n kortverhaal van Oscar Wilde, vertel van 'n selfsugtige reus wat kinders verbied het om in sy mooi tuin te speel, maar gou tot ander insigte kom.

Die gehoor het met 'n lang staande applous vir Tutu en die ander musici gereageer. Ná die optrede het Tutu tyd in die Endler-foyer gespandeer om vir foto's gereed te staan en met van die musici te gesels.

Vanjaar het die SIKMF ook sy 10x10-beursprogram bekend gestel wat 10 studente-deelnemers aan die fees in staat stel om 10 dae te spandeer by een van die genooide internasionale musici wat op fees opgetree en meesterklasse aangebied het.

Dit gee studente eerstehandse ondervinding van die internasionale klassiekemusiek-arena.

Die tien beurswenners is tydens die fees aangewys en vertrek binnekort na Portugal, Amerika, Duitsland en Oostenryk om by hul onderskeie mentors lesse te neem.



*Emeritus-Aartsbiskop Desmond Tutu op die verhoog saam met die SIKMF-orkes onder leiding van Daniel Raiskin.* Foto: IRENE KIM

# SU staff in M&G 200 list

Several SU researchers, students and alumni feature in *200 Young South Africans*, an annual authoritative supplement of the *Mail & Guardian*.

From the Faculty of Science, Dr Nonjabulo Gule, Prof Florian Breuer and Dr Balindiwe Sishi (on the cover of *Kampusnuus*) were listed in the category science and technology, while Nicolas Spaull, an education researcher and lecturer in the Department of Economics, was listed in the education category.


In the environmental category recognition is given to Dorette du Plessis, outreach manager for the limbivane project at the NRF/DST Centre for Invasive Biology, as well as to Sebastian Bode, who has just completed an MSc in Mechanical Engineering.

Writing in the Editor's Letter accompanying the publication that came out on 14 June, *Mail & Guardian* executive editor, Tanya Pampalone, says the list of 200 Young South Africans has become "one of the most inspiring reads of the year".

The 200 young South Africans listed were selected by a handful of independent researchers and included more than 1 200 nominations from *Mail & Guardian* readers.

- Read an interview with Dr Balindiwe Sishi on page 15.

# Plaaslike skole baat by US rekenaars



Die US se Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, in samewerking met Matie Gemeenskapsdiens (MGD) en Inligtingstegnologie (IT), het begin Junie altesaam 86 rekenaars aan verskeie skole geskenk.

Die ontvangers – Stellenzicht Sekondêr, Weber Gedenk Primêre Skool, Raithby Primêre Skool en die Middelvlei Plaasskool-nasorgprogram – is skole waar studente van die US reeds aktief betrokke is as deel van MGD se Eenstopdiens-projekte, sê Gareth Cornelissen, hoof van MGD.

Die Eenstopdiensprojekte gee aandag aan kwessies soos leerhulp, die ontwikkeling van lewensvaardighede, sportafrigting, die bevordering van kuns en kultuur, en gesondheidsorg.

Michelle Pietersen, Senior Projekbestuurder van die Eenstopdiens, het by 'n vorige geleentheid gesê daar is ongeveer 1 200 vrywilligers in die program tussen die Tygerberg- en Stellenbosch-kampusse, wat meer as 3000 mense bevoordeel.

Prof Thomas Jones, hoof van die Elektriese en Elektroniese Departement, het gesê sy departement was maar slegs een van vele rolspelers wat deel gehad het in die skenking van die rekenaars. "Ons voorgraadse elektroniese laboratoriums is toegerus met ongeveer 180 moderne rekenaars. Ons rekenaars moet in staat wees om te werk met ingewikkelde en intensiewe simulasiesagteware wat deur ons studente gebruik word.

"As sodanig, wanneer ons gedwing word om ons rekenaars te vervang, is dié rekenaars inderdaad nog nuttig. Na 'n onlangse opgradering het ons besef dit sou 'n skande wees om die rekenaars verlore te laat gaan."

Volgens Jones sal hulle beslis weer in die toekoms rekenaars skenk.

Lester Allies, skoolhoof van Stellenzicht Sekondêr, het gesê hulle het beslis 'n behoefte en waardeer altyd toerusting wat in 'n goeie werkende toestand is. "Hierdie rekenaars kom op 'n welkome tyd en sal beslis goed aangewend word."

# Spreading HOPE abroad

*A delegation of Dalarna University in Sweden recently visited SU to find out more about the University's HOPE Project. It sets the stage for the HOPE Project to possibly spreading its wing beyond our country's borders. DESMOND THOMPSON reports.*

The HOPE Project, which started taking shape in 2007 and was publically launched in 2010, is expanding beyond Stellenbosch University.

Talks are underway with partner universities about a possible new initiative, provisionally known as the HOPE International Network, SU Rector and Vice-Chancellor Russel Botman told *Kampusnuus*.

The initiative will be aimed at advancing the notion that higher-education institutions should promote human development and tackle societal challenges through academic and research excellence, which is the core premise of SU's HOPE Project.

A delegation from Dalarna University in Sweden visited SU from 29 May to 4 June. This followed Botman's visit to Dalarna in August 2012.

"We are very happy to have found a partner in SU," Dalarna Rector Prof Marita Hilliges said.

"We are different universities in different contexts, but we share the philosophy that higher education has an important role in creating the future we need. Education should not only convey facts but also help people navigate this complex city called the world."

Botman agrees: "We are exploring synergies to see how universities can make sense together of the big challenges facing us in this day and age. We owe it to the next generation."

Working groups have been established to explore further cooperation in various areas.

Hilliges was accompanied by the following Dalarna officials: Dr Andrew Casson, Head of the Education and Research Office; Suzanne Corrigox, International Coordinator; Stefan Rodheim, Head of Next Generation Learning; Dr Elin Holmsten, Head of the School of Languages and Media Studies; and Dr Stina Jeffner, Head of the School of Health and Social Studies.

They were taken on a campus tour and looked at various SU facilities. They also met with Prof Eugene Cloete, Vice-Rector (Research and Innovation), and were briefed on various HOPE Project initiatives and related programmes at SU, including the Partnership for Africa's Next Generation of Academics, the Graduate School of the Faculty of Arts and Social Sciences, the Frederik Van Zyl Slabbert Institute for Student Leadership Development, the Ukwanda Rural Clinical School, the SU Food Security Initiative, the Division of Telematic Services, and the Faculty of AgriSciences.

SU is developing sustainable and long-term academic networks that will contribute relevant knowledge for Africa's immense developmental potential in the decades to come.

SU has agreements in place with around 137 foreign universities in 35 countries. In Africa, the University has 126 active projects in 31 countries, involving 478 African collaborators.



*Prof Russel Botman (second from right) with visitors from Sweden's Dalarna University, from left, Dr Elin Holmsten, Prof Marita Hilliges, Stefan Rodheim and Susanne Corrigox.* *Photo: HENNIE RUDMAN*



# Om te onthou

*Op 31 Julie is die Kamer van Herinnering in die US-argief, gehuisves in die opgeknapte RW Wilcocks-gebou, ingewy. In dié kamer word die versweë geskiedenisse van Stellenbosch vertel, skryf ALEC BASSON.*

Op die middag van 10 Desember 2010 het 'n brand die dak en derde verdieping van die Universiteit Stellenbosch se RW Wilcocks-gebou verwoes. Waardevolle boeke, eeue-oue handgetekende kaarte en vele besittings het in die slag gebly, en twee akademiese departemente, Geskiedenis en Sielkunde, die Nagraadse en Internasionale Kantoor asook die Universiteitsargief moes elders op kampus gehuisves word.

Uit die puin het egter 'n opgeknapte Wilcocks-gebou herrys wat spog met vele nuwighede. Een hiervan is die Kamer van Herinnering. Dié eietydse uitstalruimte is die breinkind van prof Russel Botman, US rektor, en word gehuisves in die Universiteitsargief op die grondvloer. Hier word die versweë geskiedenis van die mense van Die Vlakte en die "Slag van Andringastraat" deur middel van kaarte, foto's, memo's, notules, briewe en 'n DVD vertel.

Die "Slag van Andringastraat" het oor die naweek van 27 en 28 Julie 1940 plaasgevind toe US-studente betrokke was in skermutselings met bruin inwoners van Die Vlakte, soos die gebied in die Stellenbosse middedorp omgrens deur Muller-, Van Ryneveld-, Banghoek-, Smuts-, Merriman-, en Birdstraat in daardie jare bekend gestaan het. Die Wilcocks-gebou sluit geografies aan by Die Vlakte.

Meer as 20 jaar later, op 25 September 1964, is Die Vlakte kragtens die Groepsgebiedewet van 1950 tot 'n wit groepsgebied verklaar. Benewens die 3 700 bruin inwoners, is ses skole, vier kerke, 'n moskee, 'n bioskoop en tien sakeondernemings deur die gedwonge verskuiwings geraak.

Die idee van 'n simboliese herinneringsruimte het begin by die apologie van studenteleiers in die manskoshuis Dagbreek oor die "Slag van Andringastraat", asook die daaropvolgende ontmoeting tussen studente en destydse inwoners van Andringastraat by Botman se huis.

"Die herinneringskamer moet nie as eindpunt beskou word nie, maar 'n beginpunt vir lede van 'n verdeelde gemeenskap om nader aan mekaar te kom en ons verlede as 'n gesamentlike verlede te aanvaar. Dit is 'n geleentheid om as instelling saam met die gemeenskap na die verlede te kyk sodat ons saam beter vorentoe kan beweeg," sê Botman.

Die erkenning van 'n stuk versweë geskiedenis "behoort vir gemeenskapslede aan te dui dat die US op 'n nuwe pad van versoening en inklusiwiteit wil gaan," sê dr Jerome Slamat, Senior Direkteur van Gemeenskapsinteraksie aan die US.


Hy maan egter dat versoening nie beskou moet word as iets wat met 'n handvol openbare gebare afgehandel kan word nie. "Konsekwente interaksies met omliggende gemeenskappe sal hulle oor tyd verseker van ons opregtheid," sê Slamat.

Die verskuiwings uit Die Vlakte en die "Slag van Andringastraat" was vir dekades nie deel van die amptelike geskiedenis van Stellenbosch nie en is slegs mondelings oorgelewer. Eers met die verskyning van *In ons bloed* (2006) en *Nog altyd hier gewees: Die storie van 'n Stellenbosse gemeenskap* (2007) is dit te boek gestel, sê prof Albert Grundlingh van die US se Departement Geskiedenis.

Volgens hom moet 'n balans egter verskaf word omdat beide gebeure nie die volledige geskiedenis van die US vertel nie. Grundlingh meen ons benodig 'n breër geskiedenis wat die verskillende fasette van die US sal uitlig.

• Die uitstalling kan vanaf 1 Augustus van Maandae tot Vrydae tydens kantoorure besigtig word. Kontak Karlien Breedt by 021 808 2314 of breedtk@sun.ac.za.

**Toe ...**




**en nou**



## Meer oor die Wilcocks

- Prof RW Wilcocks is in 1937 as US-rektor aangestel.
- Die RW Wilcocks-gebou is in 1965 voltooi.
- Die eerste klasse begin op 16 April 2012 in die nuut-ingerigte Wilcocks-gebou ná die brand van 2010.
- Die nuwe lesingsale is toegerus met gevorderde tegnologie.
- Drie nuwe studentewerkareas is ingerig.
- Altesame 93 kantore (voorheen slegs 54) is nou in die Wilcocks.
- Daar is vier toilette vir gestremdes (voorheen was daar geen).
- 'n Nuwe lugverkoelingstelsel en ligte wat minder elektrisiteit gebruik, is geïnstalleer.

# Sukses met herwinning

*Die herwinning van afval op kampus het 'n groot hupstoot gekry met die implementering van 'n afvalbestuurprogram. Met 80% van die US se afval wat alreeds herwin word, is hierdie program uiters suksesvol.*

Die afvalbestuurprogram wat die Universiteit Stellenbosch verlede jaar ten volle geïmplementeer het, werp uitstekende vrugte af. Die doelwit om teen einde vanjaar 80% van alle afvalmateriaal vir herwinning te sorteer, is reeds vir Mei-maand bereik.

Volgens John de Wet, wat aan die stuur is van Fasiliteitsbestuur se volhoubaarheidsprogram, is dié prestasie te danke aan die goeie samewerking van studente en personeel.

"Ons het verlede jaar 50% minder van ons algemene afval na die munisipale stortingsterrein gestuur. Al daardie afvalmateriaal word vir herwinning gesorteer en na verskillende herwinningstrome gestuur. Ons is verheug om slegs enkele maande later 80% van ons afval vir herwinning te sorteer. Slegs 20% van ons algemene afval word nou na die munisipale stortingsterrein gestuur."

Die herwinning van afval is een van die projekte wat spruit uit die Geïntegreerde Afvalbestuursplan en vorm deel van die US se oorkoepelende Volhoubaarheidsinisiatief.

"Die doel was om 'n groot deel van die afvalmateriaal wat normaalweg na die munisipale stortingsterrein sou gaan, vir herwinning beskikbaar te stel. Sodoende sal die US meer omgewingsvriendelik raak, die hoeveelheid afval wat na die stortingsterrein gaan sal verminder en dus die stortingsterrein se leeftyd verleng, en die produksie van groenhuisgasse sal afneem. Boonop sal personeellede en studente 'n kultuur van herwinning aanleer," sê De Wet.

Die afval wat vir herwinning gesorteer word, sluit alle algemene afval in, waaronder ook voedselafval van kombuise en tuinafval van die drie kampusse (Stellenbosch, Tygerberg en Bellville).

Van die volhoubaarheidsprojekte waarvoor afval gebruik word, sluit die volgende in:

- Afvalkos van kombuise word met Bokashi-poeier behandel, vir 14 dae gefermenteer en dan op 'n komposaanleg gegooi waar kompos daarvan gemaak word vir gebruik in die tuine en op die Welgevallen-proefplaas vir die kweek van groente;
- Afvalkos word vir vlieglarwes op die Mariendahl-proefplaas gevoer wat uiteindelik tot veevoer verwerk word;
- Op die Tygerberg-kampus gaan groen voedselafval na 'n wurmplaas waar wurmkompos daarvan gemaak word vir gebruik in die tuine.

Volgens De Wet word ander afval, soos onder meer e-afval, vleisafval, biologiese, chemiese, mediese, bestralings- en asbesafval op die regte manier van ontslae geraak om so min skade moontlik vir die omgewing of mense in te hou.

### Herwinningsyfers vir Mei

Altesaam 92 851 kg afval is in Mei gegenereer. Hiervan is 74 371 kg (80%) herwin en dus slegs 18 480 kg (20%) na die stortingsterrein gestuur. Die verdeling van herwinningstrome is soos volg:

Nie-herwinbaar – 18 480 kg

Herwinbaar – 74 371 kg

Totaal – 92 851 kg

| Item | Gewig kg | % |
|---|---|---|
| Nie-herwinbaar | 18 480 | 20 |
| Karton | 2 853 | 3 |
| Kosafval | 11 764 | 13 |
| Tuinafval | 5 000 | 5 |
| Glas | 10 029 | 11 |
| Metaal | 2 471 | 3 |
| Gemeng | 15 183 | 16 |
| Papier | 18 016 | 19 |
| Plastiek | 9 055 | 10 |
| Totale afval | 92 851 | 100 |





# Madiba-betowering

*Die US se personeellede en studente het vanjaar weer met groot oorgawe hul 67 minute vir Mandela-dag opgeoffer. PIA NÄNNY het by verskeie inisiatiewe gaan inloer.*

Vir Mandela-dag op 18 Julie het die US se personeellede en studente weer ingespring en gehelp met inisiatiewe wat 'n verskil in mense se lewens maak.

"Die US wil bydra tot die doelwit van Mandela-dag deur mense aan te moedig om tot aksie oor te gaan en die wêreld positief te verander," sê Gareth Cornelissen, Hoof van Matie Gemeenskapsdiens.

Dr Jerome Slamat, Senior Direkteur: Gemeenskaps-interaksie, voeg by dat daar baie welwillendheid onder personeellede en studente is, en dat baie van hulle graag 'n bydrae wil maak.

Prof Maureen Robinson, Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, was een van die personeellede wat haar 67 minute van gemeenskapsdiens by die Stellenbosch Jeuguitreik deurgebring het. "Op Mandela-dag kan mense bymekaar kom en iets vir iemand anders doen, tot voordeel van Suid-Afrika," het sy gesê.

Prof Johan Hattingh, dekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, het gesê met betrokkenheid by aktiwiteite op Mandela-dag sê mense dankie aan oudpresident Nelson Mandela vir wat hy vir die land beteken het en bring hulle hulde aan hom.

Van die aktiwiteite waaraan personeel en studente deelgeneem het, was om take by die Stellenbosch Jeuguitreik te verrig, aan 'n breimarathon deel te neem, toebroodjies te maak wat die Stellenbosch Voedingsaksie by verskillende punte kon uitdeel, en verfwerk te doen by 'n kinderhuis in Tulbagh.



*Gareth Cornelissen, Hoof: Matie Gemeenskapsdiens, en dr Jerome Slamat, Direkteur: Gemeenskapsinteraksie, spog trots met die boekrak wat hulle geverf het. Hulle was deel van 'n groep personeellede en senior studente wat hul 67 minute van gemeenskapsdiens by die Stellenbosch Jeuguitreik deurgebring het.* Foto: JUSTIN ALBERTS



*Die Menslike Hulpbronne-afdeling het al vir die afgelope vier jaar 'n verbintenis met die Steinthal-kinderhuis in Tulbagh. Vanjaar het hulle die meisieskoshuise geverf en skenkings gekry om aan elke kind 'n mus en serp te gee. Hulle het ook 96 komberse geskenk en pakkies met lekkernye aan elke kind uitgedeel. Hier is Lezel Jansen en Lieze-Carli Roux in aksie.*



*Studente en personeel van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het aan 'n breimarathon deelgeneem op Mandela-dag. Kate Smith, Anthony Dantjies en Anika Booysen van Cups & Saucers, die koffiekroeg op kampus, het saam met ander personeellede serpe en blokke vir kombersies vir die Tygerberg Kinderhospitaal gebrei.* Foto: WILMA STASSEN



*Tydens die Toasties for Tummies-geleentheid op Stellenbosch-kampus het personeellede en studente hand bygesit om toebroodjies te maak wat deur die Stellenbosch Voedingsaksie by 35 punte reg oor Stellenbosch en omstreke uitgedeel word. Volgens Liesel Koen van die Voedingsaksie is hierdie broodjies 'n lekker bederf en kan hulle daarmee meer mense as gewoonlik bereik.* Foto: PIA NÄNNY

# Fismersaal kry nuwe klavier

Die US Konservatorium het in Julie sy nuwe C7X Yahama-vleuelklavier ingewy wat spesifiek aangekoop is vir die kleiner konsertsaal, die Fismersaal.

Dr Luis Magalhães, klavierdosent aan die Konservatorium, was instrumenteel in die onderhandelings vir dié klavier en kon as gevolg van die Musiekdepartement se goeie verhouding met Yahama in Japan 'n gedeeltelike borgskap beding om die klavier aan te koop.

"Die Fismersaal se huidige Steinway-vleuelklavier is akoesties te groot vir die ruimte en moet ook versien word. Studente gebruik hierdie klavier byna daagliks om te oefen, en ons het dus 'n sterk klavier benodig wat al die harde werk kan hanteer – die C7X Yamaha was die beste keuse," sê Magalhães.

Die klavier is 'n nuwe model van Yamaha en hierdie is die eerste een in die reeks wat in Suid-Afrika verkoop is. Dit is kleiner as die Steinway en daarom meer geskik vir die Fismer se klein verhoog.

"Die C7X is uitstekend gebou en is meganies sterk genoeg vir daaglikse gebruik, maar het ook fantastiese klankgehalte wat wêreldklas is. As gevolg van ons goeie verhouding met Yahama kon ons hierdie besonderse klavier teen 'n fraksie van die koste aanskaf. Ons moet ook die musiekwinkel Musikhaus W. Heuer bedank, asook prof Johan Hattingh (Dekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)," sê Magalhães.

Yamaha het reeds 'n gevestigde verhouding met die US, veral nadat die Konservatorium in 2011 altesaam 20 nuwe klaviere vir die oefenkamers by hulle aangekoop het.

Volgens Magalhães is die Musiek-departement van plan om in die nabye toekoms ook 'n Yahama-vleuelklavier, die C7X se "grootboetie", vir die Endlersaal aan te skaf.

"Die Endlersaal bied konserte deur wêreldklas-musici aan en ons wil dit wyer vestig as die beste konsertsaal in Afrika. Om dít te kan bewerkstelling moet ons pianiste 'n keuse van klaviermodelle kan gee, soos ook elders in die gesogte konsertsale van die wêreld," voeg Magalhães by.

Prof Winfried Lüdemann, Voorsitter van die Musiekdepartement en Visedekaan van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, het tydens die inwyding gesê die Konservatorium is bevoorreg om dié nuwe klavier in gebruik te kan neem.



*Dr Pieter Grobler, US klavierdosent, agter die nuwe C7X Yahama-vleuelklavier in die Fismersaal.*
*Foto: WAYNE MULLER*

## Etenstyd




Café Creme is 'n klein versteekte restaurant wat eintlik 'n blink juweel is. Dit is geleë in Ryneveldstraat en lê verskuil agter 'n groot swart sonkap wat die stoep beskut hou.

Binne die restaurant is net so sewe tafels, maar op die stoep is nog 'n paar tafels vir dié wat deel wil wees van die geruis op die sypaadjie en in die straat.


Die opsies vir middagete strek van heerlike gemaksdisse soos kerrie of 'n bredie, tot toebroodjies en "wraps". Laasgenoemde twee kom met interessante kombinasies van vulsels.

'n Smaaklike vulsel is die gerookte hoender met vye en brie, of probeer spinasie, spek en sampioene. Jou toebroodjie of "wrap" word met slaai of skyfies bedien.

Maar onthou om ook op die swartbord te kyk watter spesiale aanbiedings daar is – dit is dikwels die lekkerste.

This month, *Kampusnuus* visits a lovely restaurant, Café Creme, in the centre of Stellenbosch where you can enjoy a tasty lunch. Also in August, SU's symphony orchestra presents its concerto festival in which music students showcase their talents. Prof Ronel Foster tells us more about a book of essays by local and Belgian academics.

## Listen



*Myles Roberts*

On Saturday, 17 August, the University of Stellenbosch Symphony Orchestra (USSO) will again take to the Endler Hall stage under the baton of Maestro Corvin Matei.

Every second year, the orchestra hosts its concerto festival featuring students from SU's Department of Music as soloists in repertoire that would challenge even the most seasoned of professionals.

This is not the first time that this event, for which all soloists are rigorously auditioned and chosen on merit alone, has produced a diverse pallet of young performers from different backgrounds.

The repertoire performed will include various single movements from Franz Krommer's Concerto for Two Clarinets, Wieniawsky's Second Violin Concerto, the title character's arias "Se vuol ballare" from *The Marriage of Figaro* by Mozart, François Borne's *Fantasy on themes from Carmen* (by Bizet) for flute and orchestra, Khachaturian's Piano Concerto, the South African composer Peter Klatzow's Marimba Concerto, Weber's Concerto for Clarinet, the *Morceau Symphonique* for trombone and orchestra by Guilmant, Ravel's *Tzigane*, South African Hendrik Hofmeyr's Flute Concerto, as well as Liszt's Piano Concerto no. 1.

The performers include flutist Myles Roberts, a third-year BMus student at SU who recently received the third prize in the Unisa National Woodwind Competition in Pretoria. In July, Roberts also received a 10x10 scholarship from the Stellenbosch International Chamber Music Festival. This will allow him to "job shadow" America flautist Demarre McGill at the Dallas Symphony Orchestra for ten days.

The concert is at 20:00 in the Endler Hall. Tickets cost R125 and R90, and is available from Computicket or at the door. For more information phone 021 808 2358 or send email to howlett@sun.ac.za.

## Lees

Prof Ronel Foster van die Departement Afrikaans en Nederlands se boek *Toenadering*, wat sy as redakteur saam met die Belgiese prof Yves T'Sjoen aangepak het, het onlangs verskyn.

*Toenadering* is die tweede publikasie wat uit haar samewerking met T'Sjoen, van die Universiteit Gent in België, voortspruit.

Volgens Foster het die eerste boek, *Over grenzen / Oor grense*, bestaan uit vakwetenskaplike artikels oor die Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse poësie sedert 1945. Met *Toenadering* is weer 'n vergelykende benadering gevolg, maar dié keer sonder beperkinge wat tydvak of genre betref.

Die bundel bevat veertien artikels: sewe deur Afrikaanse en sewe deur Nederlandse of Vlaamse akademici. Die subtitel is *Literair / Literêre grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands*.

" 'n Ope uitnodiging is aan akademici in Suid-Afrika en die Lae Lande gerig en ek en Yves het in oorleg met die adviesraad 'n keuse uit die voorleggings gemaak," verduidelik Foster. "Die artikelskrywers kon in hul eie taal skryf. Die voorwoord verskyn in sowel Nederlands as Afrikaans.

Van die Suid-Afrikaners wie se werk hier bespreek word, sluit in Ronelda S Kamfer, JH Leopold en TT Cloete, Marlene van Niekerk en Breyten Breytenbach. Hulle word volgens Foster as brugbouers tussen Afrikaans en die ander twee tale beskou omdat van hul werk ook in Nederlands vertaal is.

Foster verduidelik die waarde van dié samewerkingsprojek: "Yves het destyds gesê *Over Grenzen* moet as 'n visitekaartjie beskou word om die nuwe navorsingsterrein van vergelykende studies oor die Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse literature bekend te stel. Die positiewe ontvangs van *Over grenzen* het die weg gebaan vir *Toenadering*.

"Hoewel Afrikaans en Nederlands sustertale is en daar baie grensverkeer tussen die onderskeie literature en literêre sisteme bestaan, is die dialoog tussen die literature nog weinig ondersoek. Die artikels in *Toenadering* bied 'n regstelling in hierdie verband. Deur ons projek is brûe tussen navorsers van verskillende lande en kontinente gebou en word geleenthede vir studente geskep."



*Prof Ronel Foster*
*Foto: STEPHANIE NIEUWOUDT*

# Running barefoot

*Maybe it is not what is on your feet, but how you run that makes the difference? Dr RANEL VENTER reports on research done at Stellenbosch University on barefoot running.*



Despite all the claims about the benefits of barefoot running, it has not yet been scientifically proven that barefoot running prevents injuries.

Many athletes are disappointed by their barefoot and minimalist-shoe running experiences. I have seen runners in training and during half marathons who are limping along in their minimalist shoes. You cannot assume that you can buy a pair of minimalist shoes and just continue with your running programme.

Pro-barefoot campaigners will tell you that you will touch the ground with a different part of your foot when you change from your usual running shoes to barefoot or minimalist shoes. This should then reduce the impact force you would experience. However, this only happens straightaway with some runners, not all. Well-known author on barefoot running Daniel Lieberman found that 83% of habitual shod runners did not immediately change from rearfoot to midfoot or forefoot strike when they ran barefoot.

Many of the claims on barefoot and minimalist running come from studies looking only at the immediate changes between running in usual shoes and minimalist shoes. Limited data exists on a transition process of minimalist shoe running.

We wanted to determine what will happen if habitually shod distance runners gradually change from running in their usual shoes to running in minimalist shoes. Ten male endurance runners participated in a seven-week minimalist shoe training programme. Eleven other runners, acting as the control group, continued to run in their usual running shoes during the intervention period.

Kurt Schütte, a registered biokineticist and PhD candidate in Sport Science at SU, monitored the runners continuously with the use of the lower-limb comfort index. Runners in the minimalist shoe reported significantly lower perceived comfort of the calf-Achilles over the entire intervention period. In previous studies it was reported that calf-Achilles injury is one of the most frequently reported adverse reactions to runners who attempt either barefoot or minimalist shoe training (Robillard, 2010; Sandler & Lee, 2010; Wallack & Saxton, 2011).

Schütte also found that most of the minimalist runners did not change their footstrike pattern from heelstrike to mid- or forefoot strike after the seven-week intervention programme.

*"Many of the claims on barefoot and minimalist running come from studies looking only at the immediate changes between running in usual shoes and minimalist shoes."*

This could be because of the calf-Achilles discomfort they experienced when running with a mid- or forefoot strike. It could also be that the runners had an inability to sense the higher vertical loading rate even while they were in minimalist shoes. More than seven weeks might be required to transition and adapt to minimalist running.

Minimalist running could have various benefits. In our study, when retested after the training period, the calf circumferences of the runners in minimalist shoes had increased significantly, compared to the shod runners. There are some studies which show that barefoot and minimalist running might be more economical compared to shod running. Forefoot running could also improve pain and disability associated with chronic compartment syndrome.

From our research we concluded that a gradual approach is required to minimalist running. Runners might need a conscious focus on how they run. Gait retraining might be needed, and long downhill runs should be avoided initially.

• *Dr Ranel Venter is a senior lecturer in SU's Department of Sport Science.*







# Science is in her DNA

*Dr Balindiwe Sishi, junior lecturer at the Department of Physiological Sciences, was recently named one of* Mail & Guardian's *200 Young South Africans of 2013, a list of upcoming trailblazers in different fields from the arts to science. SONIKA LAMPRECHT spoke to this remarkable young woman.*

**What does being named one of *M&G's* 200 Young South Africans 2013 mean to you?**
To be honest, this came as a complete surprise to me. I knew I was nominated, but never in my wildest dreams did I think I would make it, considering the amount of talent South Africa has to offer. I am sincerely humbled by this gesture and I believe that this will open a few of the doors I've been knocking on. I am very proud of my achievements thus far and look forward to what the future holds.

**The main reason you are on the list is your contribution in heart research. Tell us more.**
My research focuses on a serious topic called cardiotoxicity. This basically means damage to the heart that is caused by a class of drugs used to treat breast cancer, but also other forms of cancers. With a rise in the number of cancer survivors around the world, many of these patients are not aware that they are at risk of developing cardiotoxicity which ultimately results in heart failure. What makes this situation difficult is the fact that it can take months, years or even decades, after a patient is finished with chemotherapy for this condition to be evident and by then it's too late. Since there is currently no cure and we as researchers don't fully understand this condition, there is a need for effective ways in which we can either treat or prevent cardiotoxicity with the hope that it will prevent or delay the transition to heart failure. I personally feel that it is unfair that a person develops a life-threatening disease while trying to fight another.

**With August being Women's Month, were there any women on your road up until now that helped, inspired, mentored you or acted as a role model?**
My mom, Dr Nobathembu Singapi. She is my pillar of strength. Being the eldest child in the family, she was very strict with me and although I did not realise it then, that discipline and her genes was what got me here. She would always say, "Whatever happens in your life my child, good or bad, always stay humble." And those words resonate with me throughout. My previous promoter, Prof Anna-Mart Engelbrecht, was my other mom in Stellenbosch – always very supportive and full of guidance. She saw something in me early in my postgraduate years and she has mentored me ever since. She did not only care about my professional well-being but also personally. She is one in a million.

**What characteristics would you say do the young people of today need to make a difference in society?**
Dedication. Discipline. Passion.

**Besides your work, what other interests do you have?**
I love listening to music and taking long walks. This is how I de-stress.

**What are your plans for the future and what do you hope to achieve in your career?**
Personally, I would like to get married and have kids eventually. Professionally, I would like to make a significant impact in my research field of interest – and also to try and convince more women to go into science.



*Dr Balindiwe Sishi* *Photo: STEFAN ELS*



*Prof Juanita Bezuidenhout (middel) van die Departement Patologie in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het op Woensdag 24 Julie haar intreerede, getiteld "Finding a home for my professional soul", gelewer. Hier is Bezuidenhout saam met prof Jimmy Volmink, Dekaan van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie).* Foto: WILMA STASSEN



*Die US het einde Junie nuwe personeel by STIAS verwelkom. Aanbiedings oor die US se struktuur, visie, bestuursliggame en die funksie en dienste van Menslike Hulpbronne is gehou, waarna middagete voorgesit is. Nita de Lange van Informasietegnologie (IT), Mariana Fourie van IT, Ché Bermosky van Regsdienste, Fairuze de Vos van Regsdienste en Abé Pieterse van Kursusse het die geleentheid bygewoon.*






*Vicky Wide (centre), Director of African Women in Agricultural Research and Development (AWARD) in Kenya, was recently hosted by the African Doctoral Academy (ADA) and the Food Security Initiative. AWARD is a professional capacity-development initiative which focuses on African women scientists across 11 Sub-Saharan African countries. Wide presented a seminar on women's leadership for food security and development in Africa. Picture with her are Prof Johan van Rooyen, Director of the Standard Bank Centre for Agribusiness Leadership and Mentorship, Prof Milla McLachlan, Director of the HOPE Food Security Initiative, Prof Louise Warnich, Vice-Dean of AgriSciences, and Prof Frans Swanepoel, Deputy-Director of ADA.*



*Nearly 150 postgraduate students, researchers and technical staff from all over South Africa descended on SU's Central Analytical Facilities (CAF) last month to fine-tune their skills and techniques on high-end analytical equipment not readily available at other universities. This is the third year running that CAF's staff presented this midyear training initiative, providing high-quality and hands-on training on the use and functioning of equipment such as various mass spectrometers, nuclear magnetic resonance spectroscopy and fluorescent microscopy. CAF's Dr Ruhan Slabbert (left back) initiates this group of postgraduate students into the intricacies of preparing samples for next-generation sequencing. They are Randall Fisher (SU), Hester van Schalkwyk (Free State University), Marinda Moller (University of Pretoria), Marike Geldenhuys (Pretoria), Maryke Schoonen (Northwest University) and Lesley Fisher (SU).* Foto: WIIDA FOURIE-BASSON

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE

**Heuning:** 500gm Heuning te koop @ R30. Kontak Sas De Kock by 021 887 0988 of 084 023 8909.

**Stoele:** 12 x nie-stewige ou opvoubare houtstoeltjies. Batenommers 82570 – 82581. Prys R150. Kontak: V. Calitz by 021 808 3054 of vjc@sun.ac.za.

### VERBLYF / ACCOMMODATION

**House to rent, Somerset-West:** 4 Bedrooms, 2 bathrooms, 3 living areas, semi-open kitchen, indoor fireplace and braai-area, covered parking, pool, lapa, enclosed garden. Pet-friendly. Price: R11 000pm (unfurnished) and R12 000pm (furnished), plus 1 month deposit. Non-smoking. From 1 July. Contact: 0796933264

### SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

**Strand – Stellenbosch:** Bestaande saamryklub soek een of twee persone met motors om aan te sluit. Werksure 08:00 tot 16:30. Kontak: aef1@sun.ac.za of 083 648 2727.

**Kuilsrivier – Stellenbosch:** Bestaande saamryklub soek een persoon met motor om aan te sluit. Werksure: 08:00 tot 16:30. Kontak seb@sun.ac.za (Susan Blanche).

**Kuilsrivier – Stellenbosch:** Persoon sonder voertuig soek saamrygeleentheid na Stellenbosch-kampus vyf dae per week vanaf Augustus/September. Werksure: 08:00 tot 16:30. Sal ruim bydra tot petrolkostes. Kontak: mpv@sun.ac.za of 072 229 0534.

**Vredekloof/Stellenberg-omgewing – Stellenbosch:** Saamryklub soek een persoon vanaf Noordelike Voorstede om saam te ry na Stellenbosch. Werksure 08:00 tot 16:30 (daagliks). Eie vervoer noodsaaklik. Kontak Irma Bester by Ir_mabester@sun.ac.za of 021 808 9258 of 083 454 3852.